higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

EDUCARE DIDAKTIEK TEORIE EN PRAKTIES N5

(7080115)

3 Junie 2021 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

189Q1J2103

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
EDUCARE DIDAKTIEK TEORIE EN PRAKTIES N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Kies ’n frase/beskrywing uit KOLOM B om by ’n item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–O) langs die vraagnommer (1.1–1.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1	Simboliese spel	A	deur die jare deur generasies oorgedra
1.2	Egosentrisme	B	stories moet realisties wees
1.3	0 tot 18 maande	C	reg en verkeerd
1.4	Tradisionele storie	D	onverwags en betekenisloos
1.5	Konsepboek	E	eksperimentering en ontdekking
1.6	3 tot 6 jaar	F	omgewingstudies
1.7	Gedig	G	kleur, vorm en tyd
1.8	Ontdekkingstafel	H	identifiseer pare
1.9	Morele ontwikkeling	I	raai hoeveel liter in die bottel
1.10	Meting	J	gebruik stokke as mense
1.11	Rympies	K	visueel, ouditief en taktiel
1.12	18 maande tot 3 jaar	L	dieper betekenis
1.13	Natuurtafel	M	stories met herhaling
1.14	Getalkonsepte	N	kan nie enige ander siening insien nie
1.15	Perseptuele ontwikkeling	O	stories met items waarmee die kind vertroud is

(15 × 2) **[30]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 Wanneer ’n tema oorweeg word, moet vrae wat die kinders moontlik kan vra in gedagte gehou word.

2.2 Musiek word slegs tydens die musiekles aangebied.

2.3 Nuwe liedjies word frase vir frase vir kinders geleer.

2.4 Abstrakte ervarings stel ’n kind in staat om ’n konsep verstandelik te begryp.

2.5 Kinders kry tydens vryspel spesifieke take om uit te voer.

2.6 Geslote vra verg van die respondent om uit ’n stel voorafbepaalde antwoorde te kies.

2.7 Kinders sal leer om die omgewing te respekteer as dit van ’n jong ouderdom af vir hulle geleer word.

2.8 Kinders moet altyd aangejag word om ’n taak te voltooi.

2.9 Konkrete ervarings bied die kind werklike materiaal om mee te werk.

2.10 ’n Feit is iets wat nie verander nie.

(10 × 2) **[20]**

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 3

3.1 Noem AGT veiligheidsvereistes vir die binnenshuise speelkamer. (8)

3.2 Gee TWEE redes vir ’n isolasiekamer in die dagsorgsentrum. (2 × 2) (4)

3.3 Jy is ’n dagsorgfasiliteerder (‘educarer’) by Disney Dagsorgsentrum en is gevra om die ouers van die belang van morsige spel in te lig.

3.3.1 Verduidelik die waarde van morsige spel. (10)

3.3.2 Noem VYF morsigespel-aktiwiteite wat tydens die les gedoen kan word. (5)

3.4 Noem DRIE doelwitte van ’n musiekles. (3)

3.5 Mev Khumalo is versoek om jaarverslae vir elke kleuter by Disney Dagsorgsentrum te skryf.

Verduidelik die vereistes vir hierdie verslae. (10)

3.6

> Sommige spel moet heeltemal kindgedrewe bly, met ouers wat óf nie teenwoordig is nie óf passiewe waarnemers is, want spel ontwikkel sommige individuele bates wat kinders benodig om te ontwikkel en veerkragtig te word.
> *Amerikaanse Akademie vir Pediatrie*

Verduidelik die belang van vryspel vir kleuters. (5 × 2) (10)
[50]

VRAAG 4

4.1 Bespreek hoe die lees van 'n storieboek die kognitiewe vaardighede van 'n kind kan ontwikkel. (5 × 2) (10)

4.2 Noem VIER eienskappe van rympies. (4)

4.3 Noem SES reëls vir die hantering van boeke. (6)

4.4 Jy is gevra om 'n poppekas by Disney Dagsorgsentrum aan te bied.

Verduidelik hoe jy vir die poppekas sal voorberei. (5 × 2) (10)

4.5 Noem VYF aktiwiteite tydens 'n musiekkring wat help om die konsep van vorms te ontwikkel. (5)

4.6 Disney Dagsorgsentrum gee oopplan-aanbiedings. Al die lesse word in 'n saal gehou.

Bespreek die voordele van 'n oopplan-aanbieding in 'n saal. (5)

4.7 Ontwerp 'n kontrolelys om te verseker dat jou uitstappie na die voëlpark goed geplan is.

Teken die tabel hier onder in die ANTWOORDBOEK oor en voltooi dit.

Voorgestelde taak	**Persoon toegewys**	**Datum wanneer taak voltooi moet wees**

(10)
[50]

VRAAG 5

5.1 Lys die VIER musiekelemente wat deel van ’n musiekles vorm. (4)

5.2 Noem SEWE niemelodiese instrumente. (7)

5.3 Verduidelik hoe ouers by Disney Dagsorgsentrum by die tema van die week betrokke kan wees. (5 × 2) (10)

5.4 Beskryf elk van die volgende krabbelfases:

5.4.1 Onbeheerde gekrabbel

5.4.2 Beheerde gekrabbel

5.4.3 Benoemde gekrabbel

(3 × 3) (9)

5.5 Beplan ’n taalles vir ’n groep kleuters.
Jou lesplan moet die volgende insluit:

1. **INLEIDING**
   Aktiwiteit (2)
   Hulpmiddels/Apparaat (2)
   Doelstelling (2)

2. **HOOFDEEL**
   Aktiwiteit (3)
   Hulpmiddels/Apparaat (2)
   Doelstelling (3)

3. **SLOT**
   Aktiwiteit (2)
   Hulpmiddels/Apparaat (2)
   Doelstelling (2)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou